# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA, LTD.
RECEIVED
24 JUL 1969
RETURN TO
LIBRARY

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

KAAPSTAD, 9 JULIE 1969.

Vol. 49.] CAPE TOWN, 9TH JULY, 1969. [No. 2477.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

o. 1156. 9 Julie 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy ›edkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat erby ter algemene inligting gepubliseer word:—

o. 93 van 1969: Radiowysigingswet, 1969.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1156. **9th July, 1969.**

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 93 of 1969: Radio Amendment Act, 1969.

# ACT

**To amend the Radio Act, 1952, so as to provide for a common date of expiry for certain listeners' licences; for the issue of different kinds of listeners' licences; for the payment of a part of the prescribed fees in the case of a listener's licence issued for a part of a period of one year; and for a penalty in respect of any failure to take out any such licence timeously; to prescribe more fully the duties of any holder of a radio dealer's licence or a radio repairer's licence; to amend the provisions relating to payments to the South African Broadcasting Corporation; to provide for the delegation of powers, functions or duties of the Postmaster-General; for the authorization of local authorities and certain other bodies to issue listeners' licences and collect the prescribed fees therefor; for the exemption of certain members of a household from the obligation to possess a listener's licence; and for the prescribing of different conditions and different fees in respect of different licences or certificates; to apply that Act in the territory of South-West Africa; and to provide for incidental matters.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 19th June, 1969.*)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 3 of 1952, as amended by section 1 of Act 51 of 1962.**

**1.** Section 1 of the Radio Act, 1952 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the insertion after the definition of "broadcasting service" of the following definition:

"'concessionary listener's licence' means a listener's licence issued against payment of the reduced fees contemplated in section 25 (2) (*b*) of the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936);"; and

(*b*) by the insertion after the definition of "land mobile service" of the following definitions:

"'listener's licence' means a licence issued under section 7 (1A) of this Act or section 17A of the Broadcasting Act, 1936;

'listener's licence year' means the period from the first day of October in any year to the thirtieth day of September in the following year;".

**Substitution of section 2 of Act 3 of 1952.**

**2.** The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

"Control of radio activities.

**2.** Radio activities within the Republic and the territory of South-West Africa shall, subject to the provisions of this Act and the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936), be under the control of the Postmaster-General who shall exercise his powers and perform his functions under this Act under the control and direction of the Minister.".

# WET

**Tot wysiging van die Radiowet, 1952, ten einde voorsiening te maak vir 'n gemeenskaplike vervaldatum vir sekere luisteraarslisensies; vir die uitreiking van verskillende soorte luisteraarslisensies; vir die betaling van 'n gedeelte van die voorgeskrewe gelde in die geval van 'n luisteraarslisensie wat vir 'n gedeelte van 'n jaartydperk uitgereik word; en vir 'n boete ten opsigte van versuim om so 'n lisensie betyds uit te neem; om die pligte van 'n houer van 'n radiohandelaarslisensie of 'n radioherstellerslisensie nader te omskryf; om die bepalings met betrekking tot betalings aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie te wysig; om voorsiening te maak vir die delegering van bevoegdhede, werksaamhede of pligte van die Posmeester-generaal; vir die magtiging van plaaslike besture en sekere ander liggame om luisteraarslisensies uit te reik en die voorgeskrewe gelde daarvoor in te vorder; vir die vrystelling van sekere lede van 'n huisgesin van die verpligting om 'n luisteraarslisensie te besit; en vir die voorskryf van verskillende voorwaardes en verskillende gelde ten opsigte van verskillende lisensies of sertifikate; om daardie Wet in die gebied Suidwes-Afrika toe te pas; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Junie* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 3 van 1952, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 51 van 1962.

**1.** Artikel 1 van die Radiowet, 1952 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na die omskrywing van „hierdie Wet" die volgende omskrywings in te voeg:

„,konsessionêre luisteraarslisensie' 'n luisteraarslisensie uitgereik teen betaling van die verminderde gelde beoog in artikel 25 (2) (*b*) van die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936);

,luisteraarslisensie' 'n lisensie uitgereik ingevolge artikel 7 (1A) van hierdie Wet of artikel 17A van die Uitsaaiwet, 1936;

,luisteraarslisensiejaar' die tydperk vanaf die eerste dag van Oktober in 'n jaar tot die dertigste dag van September in die daaropvolgende jaar;".

Vervanging van artikel 2 van Wet 3 van 1952.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Beheer oor radiobedrywighede.

**2.** Radiobedrywighede binne die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika is, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936), onder beheer van die Posmeester-generaal, wat sy bevoegdhede en werksaamhede ingevolge hierdie Wet onder die beheer en volgens die voorskrifte van die Minister uitoefen en verrig.".

Substitution of section 5 of Act 3 of 1952.

**3.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"Prohibition of transmission or reception by radio and carrying on of certain other radio activities without licence or certificate.

**5.** (1) No person shall transmit or otherwise than in accordance with subsection (2) receive by radio any sound, image, sign or signal, or do or permit to be done anything for the doing of which a licence or certificate is prescribed in the First Schedule, unless he is in possession of the appropriate licence or certificate prescribed in the said Schedule, in addition to any other licence or certificate which may be prescribed by any other law, for the transmission or reception undertaken by him or for the doing of that thing.

(2) No person shall use radio apparatus for the reception of anything broadcast in a broadcasting service, unless he—

(*a*) is in possession of a listener's licence; or

(*b*) so uses the radio apparatus in question at a place where and under circumstances in which he is entitled to do so by virtue of any such licence issued in terms of section 7 (1A) (*b*) or by virtue of an exemption in terms of regulations made under section 18 (1) (*b*A).".

Amendment of section 6 of Act 3 of 1952.

**4.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of any regulations made under section 18 (1) (*b*A), no person shall erect, maintain or have in his possession any radio apparatus unless he is in possession of a permit issued under section 11 in respect of such radio apparatus or of the appropriate licence prescribed in the First Schedule or in section 5 (2) for the service for which such radio apparatus is capable of being used.".

Amendment of section 7 of Act 3 of 1952.

**5.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the proviso to subsection (1);

(*b*) by the insertion after that subsection of the following subsections:

"(1A) The Postmaster-General shall, on such conditions as may be prescribed by regulation and against payment of the appropriate fees prescribed by regulation under section 25 (1) (*f*) of the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936)—

(*a*) issue to any person a licence conferring on him the right, subject to the provisions of this Act, to receive by radio anything broadcast in a broadcasting service;

(*b*) issue to any person who is, in terms of the regulations, entitled thereto in his capacity as owner or manager of any premises or business of a class or category prescribed by regulation, a licence conferring on him the said right and in addition conferring on any other person of a class or category so prescribed the right to receive, on the premises in question or under such circumstances in relation to the business in question as may be so prescribed, and by means of any radio apparatus supplied for that purpose on such premises or under such circumstances by the first-mentioned person in his said capacity, anything broadcast in a broadcasting service.

(1B) Notwithstanding the provisions of subsection (1A) (*a*), a concessionary listener's licence shall be issued only to a person entitled thereto in terms of any

Vervanging van artikel 5 van Wet 3 van 1952.

**3.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verbod op oorsending of ontvangs deur middel van radio en beoefening van sekere ander radiobedrywighede sonder lisensie of sertifikaat.

**5.** (1) Niemand mag 'n geluid, beeld, teken of sein deur middel van radio oorsend of anders as ooreenkomstig subartikel (2) ontvang nie, of iets vir die doen waarvan 'n lisensie of sertifikaat in die Eerste Bylae voorgeskryf word, doen of toelaat dat dit gedoen word nie, tensy hy in besit is van die toepaslike lisensie of sertifikaat wat in bedoelde Bylae voorgeskryf word, benewens enige ander lisensie of sertifikaat wat deur enige ander wetsbepaling voorgeskryf word, om so 'n oorsending of ontvangs te onderneem of so iets te doen.

(2) Niemand mag radio-apparaat gebruik vir die ontvangs van enigiets wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word nie, tensy hy—

(*a*) in besit is van 'n luisteraarslisensie; of

(*b*) die betrokke radio-apparaat aldus gebruik op 'n plek waar en onder omstandighede waarin hy geregtig is om dit te doen uit hoofde van so 'n lisensie uitgereik ingevolge artikel 7 (1A) (*b*) of uit hoofde van 'n vrystelling ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens artikel 18 (1) (*b*A).".

Wysiging van artikel 6 van Wet 3 van 1952.

**4.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van regulasies kragtens artikel 18 (1) (*b*A) uitgevaardig, mag niemand radio-apparaat oprig, in stand hou of in sy besit hê nie tensy hy in besit is van 'n permit wat ingevolge artikel 11 ten opsigte van sodanige radio-apparaat uitgereik is of van die toepaslike lisensie wat in die Eerste Bylae of in artikel 5 (2) voorgeskryf word vir die diens waarvoor sodanige radio-apparaat gebruik kan word.".

Wysiging van artikel 7 van Wet 3 van 1952.

**5.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te skrap;

(*b*) deur na daardie subartikel die volgende subartikels in te voeg:

„(1A) Die Posmeester-generaal moet, op die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf word en teen betaling van die toepaslike gelde kragtens artikel 25 (1) (*f*) van die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936), voorgeskryf—

(*a*) aan enigiemand 'n lisensie uitreik wat aan hom die reg verleen om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, enigiets wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word deur middel van radio te ontvang;

(*b*) aan iemand wat ingevolge die regulasies in sy hoedanigheid van eienaar of bestuurder van 'n perseel of besigheid van 'n by regulasie voorgeskrewe klas of kategorie daarop geregtig is, 'n lisensie uitreik wat aan hom die gemelde reg verleen en daarbenewens aan enigiemand anders van 'n aldus voorgeskrewe klas of kategorie die reg verleen om, op die betrokke perseel, of in die omstandighede met betrekking tot die betrokke besigheid wat aldus voorgeskryf word, en deur middel van radio-apparaat wat vir dié doel op daardie perseel of in daardie omstandighede deur eersgenoemde persoon in sy vermelde hoedanigheid verskaf word, enigiets te ontvang wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word.

(1B) Ondanks die bepalings van subartikel (1A) (*a*), word 'n konsessionêre luisteraarslisensie slegs aan iemand uitgereik wat daarop geregtig is ingevolge

regulations made under section 25 (1) (*f*) of the Broadcasting Act, 1936."; and

(*c*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) It shall be a condition of every licence issued in terms of this section or in terms of section 17A of the Broadcasting Act, 1936, that the holder thereof shall observe the stipulations of any international telecommunication convention to which the Republic may be a party, and of the regulations framed in terms thereof.".

Substitution of section 8 of Act 3 of 1952, as amended by section 2 of Act 51 of 1962.

**6.** The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

"Fees payable in respect of licences and certificates.

**8.** (1) The fees payable to the Postmaster-General in respect of any licence or certificate referred to in the First Schedule, shall be prescribed by regulation: Provided that no fee shall be so prescribed in respect of any such licence or certificate in excess of the fees set out in the Second Schedule in respect of such licence or certificate: Provided further that, when appropriate licences are issued for the operation of a radiocommunication service and, in the opinion of the Postmaster-General, normal telecommunication facilities are available between the points where the particular radiocommunication service will be conducted, the Postmaster-General may levy on the licensee an annual fee over and above the prescribed licence fees set out in the Second Schedule, which fee shall be based upon the average amount which, according to the Postmaster-General's estimate, the licensee would have paid for normal telecommunication services if the licensee had made use of such services.

(2) The fees payable in respect of any listener's licence shall, subject to the provisions of section 8A of this Act and section 17A of the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936), be as prescribed from time to time under section 25 (1) (*f*) of the Broadcasting Act, 1936: Provided that where, in the case of any listener's licence other than a concessionary listener's licence, the obligation to take out the licence arises after the thirty-first day of December in any listener's licence year, the amount payable in respect of the licence for the licence year in question shall, subject to the provisions of section 8A—

(*a*) be three-quarters of the amount of the fees so prescribed for the full licence year, if the obligation arises on or after the first day of January but before the first day of April in that licence year;

(*b*) be one-half of the amount of such fees, if the obligation arises on or after the first day of April but before the first day of July in that licence year;

(*c*) be one-quarter of the amount of such fees, if the obligation arises on or after the first day of July in that licence year.".

regulasies uitgevaardig kragtens artikel 25 (1) (*f*) van die Uitsaaiwet, 1936."; en

(*c*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Elke lisensie ingevolge hierdie artikel of ingevolge artikel 17A van die Uitsaaiwet, 1936, uitgereik, is onderworpe aan die voorwaarde dat die houer daarvan die bepalings van 'n internasionale telekommunikasie-ooreenkoms waarby die Republiek 'n party is, en van die regulasies wat uit hoofde daarvan opgestel is, moet nakom.".

Vervanging van artikel 8 van Wet 3 van 1952, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 51 van 1962.

**6.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

',Gelde betaalbaar ten opsigte van lisensies en sertifikate.

**8.** (1) Die gelde wat ten opsigte van 'n in die Eerste Bylae bedoelde lisensie of sertifikaat aan die Posmeester-generaal betaalbaar is, word by regulasie voorgeskryf: Met dien verstande dat geen gelde ten opsigte van so 'n lisensie of sertifikaat aldus voorgeskryf word nie wat die gelde wat ten opsigte van daardie lisensie of sertifikaat in die Tweede Bylae voorgeskryf word, te bowe gaan: Met dien verstande voorts dat, wanneer toepaslike lisensies vir die bedryf van 'n radiokommunikasiediens uitgereik word en gewone telekommunikasiegeriewe na die oordeel van die Posmeester-generaal beskikbaar is tussen die plekke wat deur bedoelde radiokommunikasiediens bedien sal word, die Posmeester-generaal bo en behalwe die voorgeskrewe lisensiegelde soos in die Tweede Bylae uiteengesit, 'n bykomende jaarlikse bedrag van die betrokke lisensiehouer kan vorder, welke bedrag gebaseer moet word op die gemiddelde bedrag wat na die raming van die Posmeester-generaal, die lisensiehouer vir gewone telekommunikasiedienste sou betaal het indien die lisensiehouer van sodanige dienste gebruik gemaak het.

(2) Die gelde betaalbaar ten opsigte van 'n luisteraarslisensie is, behoudens die bepalings van artikel 8A van hierdie Wet en artikel 17A van die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936), dié wat van tyd tot tyd by regulasie kragtens artikel 25 (1) (*f*) van die Uitsaaiwet, 1936, voorgeskryf word: Met dien verstande dat waar, in die geval van 'n ander luisteraarslisensie as 'n konsessionêre luisteraarslisensie, die verpligting om die lisensie uit te neem na die een-en-dertigste dag van Desember in 'n luisteraarslisensiejaar ontstaan, die bedrag ten opsigte van die lisensie vir die betrokke lisensiejaar betaalbaar, behoudens die bepalings van artikel 8A—

(*a*) driekwart is van die bedrag van die gelde aldus vir die volle lisensiejaar voorgeskryf, indien die verpligting op of na die eerste dag van Januarie maar voor die eerste dag van April in daardie lisensiejaar ontstaan;

(*b*) die helfte is van die bedrag van bedoelde gelde, indien die verpligtiging op of na die eerste dag van April maar voor die eerste dag van Julie in daardie lisensiejaar ontstaan;

(*c*) 'n kwart is van die bedrag van bedoelde gelde, indien die verpligting op of na die eerste dag van Julie in daardie lisensiejaar ontstaan.".

Insertion of section 8A in Act 3 of 1952.

**7.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 8:

"Penalty for failure to take out listener's licence.

**8A.** Any person who fails to take out a listener's licence within one month after the date on which he is in terms of this Act required to be in possession of a listener's licence shall, in addition to the appropriate licence fees referred to in section 8 (2), by way of a penalty pay in respect of every month or part of a month during which he has as from that date failed to take out such licence, an amount equal to ten per cent of the amount of the said licence fees: Provided that the total amount of the penalty shall in no case exceed the amount of such licence fees.".

Amendment of section 9 of Act 3 of 1952.

**8.** (1) Section 9 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 14 of this Act and subsection (2) of section 17A of the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936)—

(*a*) a free listener's licence issued under subsection (1) of the said section 17A to any educational, charitable or State institution or any hospital shall remain of force and effect for an indefinite period;

(*b*) any other listener's licence shall be of force and effect only during the listener's licence year in respect of which it has been issued."; and

(*b*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any licence referred to in the First Schedule shall, unless previously cancelled by the Postmaster-General in terms of section 14, expire on the thirty-first day of December of the year in respect of which the licence has been issued.".

(2) A listener's licence issued to any person in terms of the principal Act before the commencement of this Act and which is valid at such commencement shall, subject to the provisions of section 14 of the principal Act, remain valid until the date on which it would have expired had this Act not come into operation.

(3) If the day on which any such licence expires in terms of subsection (2) is not the thirtieth day of September, a listener's licence expiring on the first ensuing thirtieth day of September shall, subject to the provisions of section 8A of the principal Act, be issued to such person on payment of the appropriate prescribed fees for a full listener's licence year less one-twelfth of such fees in respect of each month or part of a month for which the licence referred to in that subsection was valid during the year ending on the last-mentioned day.

Substitution of section 12 of Act 3 of 1952, as substituted by section 1 of Act 90 of 1963.

**9.** The following section is hereby substituted for section 12 of the principal Act:

"Duties of holder of radio dealer's licence or radio repairer's licence.

**12.** (1) No holder of a radio dealer's licence shall sell, give or in any manner whatsoever supply any radio apparatus to any person, and no holder of a radio repairer's licence shall effect any repairs to any radio apparatus for any person, unless the person to whom the radio apparatus is sold, given or supplied or for whom the repairs are effected—

(*a*) is in possession of the licence which in terms of the provisions of subsection (1) of section 6 is

Invoeging van artikel 8A in Wet 3 van 1952.

**7.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 8 ingevoeg:

„Boete vir versuim om luisteraarslisensie uit te neem.

**8A.** Iemand wat versuim om 'n luisteraarslisensie uit te neem binne 'n maand na die datum waarop hy ingevolge hierdie Wet in besit van 'n luisteraarslisensie moet wees, moet benewens die toepaslike in artikel 8 (2) bedoelde lisensiegelde, as boete 'n bedrag gelyk aan tien persent van die bedrag van daardie lisensiegelde betaal ten opsigte van elke maand of deel van 'n maand waartydens hy vanaf daardie datum versuim het om bedoelde lisensie uit te neem: Met dien verstande dat die totale bedrag van die boete in geen geval die bedrag van die bedoelde lisensiegelde oorskry nie.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 3 van 1952.

**8.** (1) Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van artikel 14 van hierdie Wet en subartikel (2) van artikel 17A van die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936)—

(*a*) bly 'n gratis luisteraarslisensie wat kragtens subartikel (1) van die gemelde artikel 17A aan 'n opvoedkundige, liefdadigheids- of Staatsinrigting of 'n hospitaal uitgereik is, vir 'n onbepaalde tydperk van krag;

(*b*) is enige ander luisteraarslisensie van krag slegs gedurende die luisteraarslisensiejaar ten opsigte waarvan dit uitgereik is."; en

(*b*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n In die Eerste Bylae bedoelde lisensie verstryk op die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar ten opsigte waarvan dit uitgereik is tensy dit eerder deur die Posmeester-generaal ingevolge artikel 14 ingetrek word.".

(2) 'n Luisteraarslisensie wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aan iemand ingevolge die Hoofwet uitgereik is en by bedoelde inwerkingtreding van krag is, bly, behoudens die bepalings van artikel 14 van die Hoofwet, van krag tot die datum waarop dit sou verstryk het indien hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(3) Indien die dag waarop so 'n lisensie ingevolge subartikel (2) verstryk nie die dertigste dag van September is nie, word, behoudens die bepalings van artikel 8A van die Hoofwet, aan die betrokke persoon 'n luisteraarslisensie wat op die eersvolgende dertigste dag van September verstryk, uitgereik teen betaling van die toepaslike voorgeskrewe gelde vir 'n volle luisteraarslisensiejaar min een-twaalfde van daardie gelde ten opsigte van elke maand of gedeelte van 'n maand waarvoor die in daardie subartikel bedoelde lisensie geldig was gedurende die jaar wat op laasgenoemde dag eindig.

Vervanging van artikel 12 van Wet 3 van 1952, soos vervang deur artikel 1 van Wet 90 van 1963.

**9.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Pligte van houer van radio-handelaarslisensie of radio-herstellerslisensie.

**12.** (1) Geen houer van 'n radio-handelaarslisensie mag radio-apparaat aan iemand verkoop, gee of op enige wyse hoegenaamd lewer nie, en geen houer van 'n radioherstellerslisensie mag herstelwerk aan radio-apparaat vir iemand doen nie, tensy die persoon aan wie die radio-apparaat verkoop, gegee of gelewer word of vir wie die herstelwerk gedoen word—

(*a*) in besit is van die lisensie wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel 6 vir die

required for the possession of the radio apparatus in question; or

(*b*) is, in respect of the possession of that radio apparatus, exempt from the said provisions in terms of the regulations referred to in that subsection.

(2) Any such holder shall, in respect of any radio apparatus so sold, given or supplied by him, or in respect of any such repairs effected by him, complete an invoice in duplicate written and signed by him or under his direction at the time of the transaction or at the completion of the repairs, as the case may be, and setting forth—

(*a*) the name and address of the holder of the radio dealer's licence or the radio repairer's licence, as the case may be, and the name and address of the person to whom the radio apparatus is so sold, given or supplied or for whom such repairs were effected;

(*b*) the date of the transaction by virtue of which such radio apparatus is so delivered or the date on which such repairs were completed;

(*c*) a description of the radio apparatus so sold, given or supplied or of the nature of such repairs; and

(*d*) the number and expiry date of the licence referred to in paragraph (*a*) of subsection (1) or by virtue of the possession of which the exemption referred to in paragraph (*b*) of that subsection exists.

(3) One copy of the invoice referred to in subsection (2) shall be retained by the holder of the radio dealer's licence or the radio repairer's licence for a period of twelve months and shall be produced by him for inspection on demand by a person authorized under section 16, and one copy shall at the time of the supplying of the radio apparatus or after completion of the repairs be handed by such holder to the person supplied or for whom the repairs were effected.".

Repeal of section 13 of Act 3 of 1952, as substituted by section 2 of Act 90 of 1963.

**10.** Section 13 of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 15 of Act 3 of 1952, as substituted by section 14 of Act 67 of 1968.

**11.** (1) The following section is hereby substituted for section 15 of the principal Act:

"Disposal of moneys.

**15.** (1) All moneys collected under this Act shall be paid into the Post Office Fund.

(2) There shall from time to time be paid out of the Post Office Fund to the South African Broadcasting Corporation an amount representing the difference between the amount collected during a preceding period by way of licence moneys and penalties in respect of listeners' licences, and an amount, determined in accordance with subsection (3), to compensate the Department of Posts and Telegraphs for the collection of such licence fees and penalties and for administrative and other costs in connection with such collection and listeners' licences generally.

